Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

DIE O.B.

Jrg. 6. Kaapstad, Woensdag, 15 Oktober 1947 No. 46

# WORD KOMINTERN GERUGSTEUN DEUR ATOOMBOM?

**Die lang verwagte stap van die Kremlin om 'n openlike politieke stryd teen die Weste aan te bind en hulle planne vir die herstel van Europa onder Angelsaksiese leiding die loef af te steek, het die afgelope week gekom toe Stalin die wêreld in beroering gebring het met die aankondiging dat die Kommunistiese Internasionale, met hoofkwartier in Belgrado, herstig is.**

**Die algemene opvatting is dat die herstigting van die Komintern die voorspel is tot Stalin se aankondiging op die a.s. 19e kongres van die Kommunistiese Party dat Rusland daarin geslaag het om die atoombom te vervaardig.**

**Hierdie keer bestaan die Komintern egter nie net uit Kommunistiese Partye soos sy voorоorlogse ekwiwalent nie, maar ook uit Kommunistiese regerings wat namens hulle lande lede van die Komintern geword het.**

Rusland wat reeds lankal tot die oortuiging geraak het dat Engeland nie kan herstel en Europa nie moet herstel nie, is stadig maar seker besig om homself in 'n magsposisie in te grawe waar alleen oorlogsgeweld hom sal kan uithaal.

UIT V.V.O.

Tegelyk met die aankondiging van die herstigting van die Komintern waaraan Rusland, Joego-Slawië, Roemenië, Bulgarye, Hongarye, Pole, Tsjeggo-Slawokye en die Kommunistiese Partye van Italië en Frankryk deelgeneem het, het Wisjinski in die V.V.O. soos nog nooit tevore te velde getrek teen die buitelandse beleid van Amerika. **Die afgevaardigdes vra hulle reeds af of die Russe besig is om 'n veldtog op te bou om uit die V.V.O. te tree.** Dit is bekend dat hierdie opgesweepte toesprake van die Russiese afgevaardigdes waarin hulle hul laat uitblaf teen Amerika, deeglik onder die aandag van die Russe gebring word om stelselmatig haat teen die Weste te kweek.

Op die vergadering van die Verenigde Volke in Lake Success is die mening gelug dat die stigting van die Komintern een van die belangrikste politieke ontwikkelings sedert die einde van die oorlog is.

TWEE RIGTINGS

Die stigting is in Frankryk vertolk as die vrees van die Sowjet dat hy uitgesluit sal word van die samesprekings van die ministers van buitelandse sake wat in November plaasvind. Rusland is sterk veroordeel oor die houding wat hy inneem wat op 'n onvermydelike botsing tussen Oos en Wes moet uitloop. **In Moskou is amptelik verklaar dat dit duidelik geword het dat die verskille tussen Rusland en die vroeëre bondgenote al groter word. „Twee teenoorgestelde politieke rigtings het nou gestalte aangeneem," het die amptelike Russiese nuusagentskap verklaar."**

Regeringskommentaar in die V.S.A. verklaar dat die stigting van die „Klein Komintern" ten doel het om die ekonomiese herstel van Europa te torpedeer en te verhoed dat die program vir herstel uitgevoer word. Die stigting is beskryf as „kwaadwillig en gewetenloos."

Enkele dae voor die aankondiging van die herstigting het 'n korrespondent van Review of World Affairs geskryf dat daar

(Vervolg op bl. 8)

## Rantsoenering Om Engeland te Help?

**Min. S. F. Waterson het eergister aangekondig dat petrolrantsoenering dalk weer ingestel sal word as die publiek nie spaarsaam met petrol werk nie, na SAPA berig. Daar word gemeen dat die regering van voorneme is om petrol weer te rantsoeneer omdat hy sy dollaraankope in Amerika wil inkort om Engeland te help. Australië en Nu-Seeland het reeds die gebruik van petrol drasties ingekort. — SAPA-R.**

# K.G. Sê Dankie Vir Gelukwense



Dr. Hans van Rensburg

**„Met my verjaardag het ek talle gelukwense van mans en vrouens — en ook van die jeug —gekry wat ek diep waardeer en waarvoor ek baie dankbaar is", skryf die Kommandant-generaal, dr. Hans van Rensburg onder die datum van 6 Oktober.**

**„Veral in hierdie verwarrende en gevaarvolle tye is dit vir elke mens 'n riem onder die hart om te weet dat sy medestryders aan hom dink, ook in sy persoonlike en huislike geleenthede soos verjaardae. Ek wil elkeen van u langs hierdie weg bedank en my enigste spyt is dat ek nie elkeen van u die hand kan druk as blyk van waardering nie.**

**„Intussen . . . . die O.B.-stryd gaan voort."**

## *Opposisie En Hulp Aan Brittanje*

**„Die Nasionale Party sal die lening deur die Unie aan Brittanje steun vir sover dit die belange van die land sal bevorder en dit nie die land se ekonomiese struktuur sal beskadig nie", het dr. D. F. Malan op Clanwilliam volgens 'n verslag in Die Burger verklaar. Brittanje is 'n goeie afsetgebied en dit is in belang van Suid-Afrika dat ons nie die mark daar verloor nie.**

## *Mussolini Se Bevryder*

**Die wraak van die Geallieerdes is besig om al diegene wat hulle tydens die oorlog teen gestaan het, in te haal . . . ook vir kol. Otto Skorzeny, die man wat Mussolini bevry het. Hy word tans in Dachau saam met 'n aantal ander persone verhoor om verantwoording te doen vir die redding. Hy is hier (links op die foto) besig om met sy advokaat in die hof te gesels.**



# S.A. KOPPEL HOM STEWIG MET £80 MILJOEN AAN BRITSE STERFBED

**Besonderhede oor die Suid-Afrikaanse goudlening van £80,000,000 aan Engeland waardeur Suid-Afrika sy goudreserwe aansienlik sal moet uitput, is nou in Suid-Afrika bekend gemaak. Suid-Afrika het hierdie waagstuk aangegaan in die aangesig van die onlangse dreigement van Engeland dat hy nie bereid is om die skuld wat hy aangegaan het, te betaal nie. Dit is duidelik dat die lening uiteindelik 'n skenking sal word.**

Volgens die ooreenkoms sal Suid-Afrika uit sy goudvoorraad vir 'n tydperk van drie jaar 9,275,000 ons fyn goud aan Brittanje lewer. Die rentekoers hierop is 'n half persent per jaar. Dit is veel laer as wat op lenings van die Internasionale geldfonds betaal word. Die lening is onderhewig aan die goedkeuring van die Parlement.

NOG MEER

**In die verduideliking van die ooreenkoms het dr. M. H. de Kock, President van die Suid-Afrikaanse Reserwebank daarop gewys dat die ooreenkoms onder meer bepaal dat, afgesien van die goudlening, die Unie Brittanje van tyd tot tyd in goud sal betaal vir die netto bedrag van die betalings wat deur die Unie oor Brittanje gemaak word aan lande buite die sterlinggebied.**

Die ooreenkoms hou verder in dat Suid-Afrika sy ongunstige handelsbalanse met Brittanje in goud sal vereffen.

Wat Suid-Afrika betref sal die „lening" hoofsaaklik uit ons goudreserwe gehaal moet word. Om in die Britse behoefte, sowel as ons eie te kan voorsien, sal die goudreserwe wat as dekking dien vir ons note en deposito's met ongeveer 40 persent verminder moet word. **S.-Afrikaanse goud word dus nou gebruik om die bankrot-sterling van Engeland te ondersteun.**

Die groot goudlening aan Engeland sal beslis 'n uitwerking hê op die Suid-Afrikaanse invoer uit Amerika. Dit is moontlik dat ons invoer uit Amerika ter wille van Brittanje drasties ingekort sal word.

NIE BETAAL

Op hierdie stadium is dit nodig om te herinner aan die onlangse dreigement van Hugh Dalton, Britse minister van finansies, dat Brittanje nie meer kans sien om sy skuld van £3,000 miljoen te dra nie. **Hy het aangevoer dat Engeland se skuld „onbillik en 'n ondraaglike las" is.** Hierdie dreigement het be-

(Vervolg in volgende kol.)

(Vervolg van vorige kol.)

trekking op lede van die Britse Ryk.

**Dalton het daaraan toegevoeg „......een bewys van sy (Brittanje) krag moet wees sy vasberade weiering om hierdie fantastiese verpligtings wat buite die perke van goeie verstand en billikheid is, op hom te neem."**

Watter hoop het Suid-Afrika om sy goud ooit weer terug te kry?

# GOEDKOOP VRUGTE UIT S.A. VIR ENGELAND

**'n Ooreenkoms tussen die Unie en Engeland vir die verkoop van Suid-Afrikaanse vrugte aan Brittanje teen 'n heelwat laer prys as verlede jaar is so pas bekragtig. Die pryse is doelbewus verlaag ten einde verby te kom by die Amerikaanse leningsooreenkoms wat bepaal dat Brittanje nie van die dominiums goedere mag koop wat hy in Amerika staak om te koop nie.**

Die enigste uitsondering op hierdie bepaling is waar Brittanje kan bewys dat hy die goedere goedkoper elders kan kry. Om dus hierby verby te kom, is die prys vir Suid-Afrikaanse vrugte so verlaag dat dit heelwat laer sal wees as wat Brittanje bereid is om aan die Amerikaanse boere te betaal.

# REGERING VERLOOR EERSTE RONDE IN DEPORTASIE-STRYD

**Die regering het besluit om as gevolg van die bevele nisi wat teen hom uitgereik is, die deportasie van die 233 Duitsers wat aanstaande Saterdag gedeporteer moes word, uit te stel. Die nuwe datum van deportasie is nou 15 November aangesien daar gevoel word dat elke Duitser kans moet kry om sy saak persoonlik in die hof te stel.**

Geen Duitser sal gedurende dié tydperk gedeporteer word nie. Dit sluit Duitsers in wat 'n interdik teen deportasie van die hof gekry het, sowel as Duitsers wat tot dusver geen interdik gekry het nie. Meer as 80 Duitsers het reeds bevele nisi gekry. Baie ander is van voorneme om soortgelyke bevele by die Hooggeregshof aan te vra.

Voordat die Duitsers gedeporteer word sal die Minister van Binnelandse Sake eers op 23 Oktober voor 'n volle regbank verskyn en redes moet aanvoer waarom die deportasiebevele nie ter syde gestel moet word nie.

## 30 Pst. Hoër Mielieoeste

Navorsingswerk wat volgens die mening van wetenskaplikes die Unie se mielie-opbrengs met nagenoeg 30 persent sal verhoog, word op Potchefstroom gedoen. Die proewe bestaan daaruit om 'n gebasterde mielie deur kruisteling te verkry. 'n Groot deel van die navorsingswerk is reeds voltooi. Die mielies waarmee die proewe tans uitgevoer word, kan nie weer 'n volgende keer as saad gebruik word nie. Wanneer die skema in swang is, sal boere elke jaar nuwe saad moet koop.

## Selfs Jode Twyfel Aan Smuts Se Geregtigheid

**Die wraak wat die Smuts-regering van voorneme is om uit te oefen op die Duitsers wat aanbeveel is vir deportasie deur hulle sonder enige vooruitsigte van 'n heenkome in Duitsland, en daarby vlak voor die winter, te deporteer, lok selfs protes uit Joodse kringe, soos blyk uit 'n brief in die Cape Argus.**

Die skrywer wat onder 'n skuilnaam skryf, verklaar dat hy nie nasionaalgesind of 'n simpatiseerder met die Nazis is nie, daar hy self vervolging in Duitsland verduur het. Hy is ook 'n ondersteuner van genl. Smuts.

„Ek hoop daarom dat u my sal toelaat om my nederige twyfel uit te spreek teen u oortuiging dat elkeen van die 235 ‚wat finaal in aanmerking kom vir deportasie' 'n ondersoek ‚met soveel toegewendheid toegestaan is as in geen ander land ter wêreld nie' en dat ‚elke versagtende omstandigheid simpatiek inaggeneem is'."

Hy verklaar dat hy saamstem dat alles gedoen moet word om Nazisme te voorkom.

**„Maar hoe is dit dat mens verneem van manne onder hierdie mense wat finaal aangewys is vir deportasie, wat sweer dat hulle nooit met Nazisme of politiek iets te doen gehad het nie, dat hulle nooit meegedeel is wat die aanklag teen hulle is nie, en dat hulle tot op hierdie dag totaal onkundig is omtrent die redes vir hul deportasie?**

### PERSOONLIKE GRIEWE

„Die een vraag moet toegelaat word: Is hierdie mense meegedeel wat die beskuldiging teen hulle is en is aan hulle 'n verhoor toegestaan en 'n geleentheid om hulself te verdedig?

„Is daar of is daar nie die gevaar dat getuienis teen hulle gebruik is wat bewus of onbewus—miskien selfs doelbewus—spruit uit persoonlike motiewe van die getuies of aanklaers weens persoonlike griewe of wraaksug nie?

**„Kon die kommissie sonder gebruikmaking van getuies homself oortuig het van die skuld van die beskuldigdes?** Indien slegs een van die 235 gedeporteerdes veroordeel is op grond van getuienis wat nie 100 persent juis is nie, kan ernstige onreg gepleeg word waar dit sekerlik nie bedoel was nie. **Sou dit nie beter gewees het indien 'n onpartydige hof die geleentheid gehad het om te verneem wat die beskuldigdes vir hulself te sê het nie?"**

## Dit Het So Gebeur

## 'n Rubriek vir Ons Lesers

Dit was Juniemaand in die jare toe die Ossewabrandwag die spil was waarom die Afrikaners in hul duisende gedraai het.

Dit was tydens 'n besoek van ons K.G., dr. J. F. J. van Rensburg aan Cradock, hoofstad van die Middellande.

Alles was in rep en roer. Komando's van die Generaalskap het van heinde en ver gekom, en offisiere en brandwagte was in hulle honderdtalle teenwoordig.

Die plaaslike sportterrein was oorlaai met geesdriftiges vir ons beweging — die Ossewabrandwag.

Ons het die K.G. buite die dorp ontmoet, perderuiters, motors en voetgangers het aan die optog deur die dorp na die sportterrein deelgeneem.

Groot was die dag, en dit was ook die grootste dag wat die Werda-Kommando van Cradock beleef het in die tyd van sy bestaan.

Die fees het twee dae geduur, en tente is by die terrein opgeslaan vir al die nodige doeleindes.

Die tente moes snags bewaak word, en ek het as korporaal destyds, van my hoër offisier in bevel, die bevel gekry, om, om vieruur die nag met my brandwagte by die tente te wees om af te los en die bevel oor te neem.

Daar was grysaards onder my brandwagte, maar toe ek om kwart voor vier die oggend by die bestemde plek aankom, was elke brandwag daar en die een was meer opgeruimd as die ander, tenspyte van die snerpende koue.

Dit was nag, ons het die brandwagte op diens bekruip, maar moenie glo nie, elkeen was op sy pos. Die vuurtjie wat eenkant gebrand het was lekker, maar die ryp was koud.

Toe die dag aanbreek glinster die grashalms soos juwele in die oggendson maar dit was nie juwele ne, maar ryp wat soos meel gestrooi lê.

Maar ryp en kou of te nie, elke brandwag was op sy pos toe die volgende bevelvoerende offisier die volgende oggend om sewe-uur die bevel oorneem.

Kom, offisiere en brandwagte, dit moet en kan weer gebeur.

J. J. DU PREEZ,
Cradock.

## Reuse Uitgawes Van Spoorweë

As die grootste onderneming in die Unie is die jaarlikse inkomste van die Suid-Afrikaanse Spoorweë tans £75,000,000 per jaar. Hiervan bestee die Spoorweë £50,000,000 aan salarisse en lone, na die Minister van Vervoer, mnr. F. C. Sturrock, aangekondig het.

Die duurtetoeslag van die Spoorweë het die afgelope maande met £1,200,000 toegeneem. Mnr. Sturrock het gesê dat die inkomste van die spoorweë heeltemal voldoende is maar dat die uitgawes steeds toeneem.

---

**Brittanje skat** sy dollartekort vir 1948 op sowat £660,000,000 na dit blyk uit 'n opname van die komitee vir heropbou van Europa. Volgens die komitee het Duitsland £290,000,000 nodig, terwyl Griekeland £127 miljoen en Frankryk £440 miljoen nodig het. Nege lande kom in aanmerking vir die hulp onder die Marshalplan.

## HET U U INTEKENING OP DIE O.B. HERNU?

***So nie, staan u in gevaar dat toesending aan u adres binnekort gestaak word.***

***Die stelsel van kommando-intekening het op 30 Junie laaslede verval. Vanaf 1 Julie teken almal regstreeks teen 10/- per jaar op die blad in. Om seker te maak dat u geen uitgawe van ons amptelike mondstuk sal mis nie, moet u onmiddellik onderstaande vorm voltooi en saam met u intekengeld pos.***

VUL ASSEBLIEF HIER IN

DIE SEKRETARIS,
VOORSLAG (EDMS.) BEPERK,
POSBUS 1411,
KAAPSTAD.

Geagte Heer,

Ek het tot dusver „DIE O.B." deur middel van die kommando ontvang en neem daarvan kennis dat intekengeld vanaf 1 Julie 1947 regstreeks aan Voorslag (Edms.) Bpk., vooruitbetaalbaar is teen 10/- per jaar.

Gaan asseblief voort om „DIE O.B." aan my adres te stuur tot ek u in kennis stel om toesending te staak.

Hiermee vind u die bedrag van..........................

vir..........................jaar/e se intekengeld.

Naam: ..........................

Posadres: ..........................

..........................


..........................

.......................... ..........................
Datum Handtekening


PAS ONTVANG VAN OORSEE
SWALLOW
REËN-, WARM- EN GABERDIEN-JASSE.
PRYSE BAIE BILLIK
*Plaas dadelik u Bestelling by*
Van Zyls DIE MANSWINKEL
Foon 791 — Posbus 233
HOOFSTRAAT PAARL



DAMES-, MANS- en KINDER-UITRUSTERS SNYERS
UNIEWINKELS
Beperk
KERKSTRAAT 275 — PRETORIA
TAKKE: Johannesburg, Benoni, Vereeniging, Kaapstad.


„Die Kleine Wonder"
STEENMAAK-MASJIEN
(Vir die maak van Sementstene)
Maak standaard-grootte Sementstene (9 dm. x $4^5/_{16}$ dm. x 3 dm.)
*Doen navraag by u naaste Handelaar of skryf direk aan:*
Fabrieksverteenwoordiger:
JOHANN H. BUHR,
Posbus 18, Hopefield.
*Handelsnavrae word verwelkom.*

„DIE O.B.," WOENSDAG, 15 OKTOBER 1947

# Engeland Moet Herskep

Vir miljoene Engelse is hul vaderland vandag 'n tronk waaruit hulle gretig is om te ontsnap. In teenstelling met die vrou van Lot verlaat hulle hul eilandtuiste sonder 'n enkele terugwaartse blik. Die agterblywendes aanvaar hul lot met gedwonge gelatenheid. In hul harte flikker daar geen vonk van toekoms-verwagting nie.

**Dobbelary is die grootste nywerheid in Engeland. Elke week word miljoene ponde verwed. Waarom nie? Die Engelsman kan slegs met behulp van koepons koop; en as die koepons gedaan is wat maak met die orige geld? Die Engelsman dobbel dit weg!**

Die koepons wat op 'n basis van produksie uitgereik word is gewoonlik ontoereikend want die produksie handhaaf 'n verre agterstand ten aansien van konsumpsie.

**GELD SONDER KOOPKRAG**

Dis daarom dat Engelse werkers nie langer ure teen hoër lone wil werk nie — die ekstra geld wat aldus verkry kan word het tog geen intrinsieke waarde vir hulle nie.

Dis daarom ook dat Engelse getroude vroue nie aan die oproep van die regering om die arbeidstekort aan te vul wil gehoor gee nie — hulle wil liewer 'n hele dag êrens in 'n tou staan met hul koepons om tog iets te kry.

**Engelse produksie skiet te kort omdat die Engelse produksie-proses ouderwets is.**

Die Engelse steenkoolwerker lewer b.v meer as 50% minder steenkool per tyd- en geldeenheid as sy Amerikaanse ekwivalent. Die gevolg is dat die Engelse volk sidder en beef van die koue; die produksievermoë van Engelse fabrieke wat van steenkool afhanklik is nog verder ingekort word; en les bes, omdat daar bv. nie steenkool is om na die Skandinawiese houtlande uit te voer nie, maak die mense daar met die hout vuur wat Engeland nie kan invoer om sy broodnodige huise te bou nie!

**MODERNISERING**

**Voordat die Engelse produksieproses nie deeglik gemoderniseer word nie sal Engeland homself nie kan rehabiliteer nie.** Om die modernisering deur te voer; om enersyds nuwe masjiene aan te koop en andersyds die ouderwetse masjiene uit die fabrieke te verwyder sal nie alleen baie geld kos nie, maar dit sal ook 'n regering met gesag vereis.

**Wat Engeland dus op hierdie stadium nodig het is nie net noodleniging nie, maar totale herskepping. Engeland het nie net geldjies nodig om rookgoedjies in die buiteland te koop nie: sy het baie meer nodig.**

**Tensy Engeland haar ekonomiese huishouding drasties hervorm is alle lenings aan die land onekonomies, en word sodanige geld deur die lener eenvoudig in die water gegooi — Suid-Afrika se £80,000,000 inkluis.**

# Attlee Raak Ontslae Van Ongewenstes

Ses ministers het uit die Britse kabinet „bedank" tydens die jongste herskommeling van die kabinet deur mnr. Attlee. Dit het gevolg op die aanstelling van Cripps as minister van ekonomiese sake. Die nuwe skommeling maak voorsiening dat 'n aantal ministers van verantwoordelikhede verwissel het en dat die kabinet van 19 tot 18 lede verminder is.

Die onpopulêre Britse minister van brandstof, Shinwell, is verskuif na die posisie van oorlogsminister. Die vyf grotes van die kabinet, Dalton, Morrison, Attlee, Herbert en Bevin, is nie deur die veranderings geraak nie.

Die veranderings toon dat Attlee hom nie gesteur het aan die druk van die linkse groep in sy party om meer verteenwoordiging aan die vakbonde in die kabinet te gee nie. Die vakbonde het geen noemenswaardige erkenning gekry nie.

# Wat Skort Die Kandidate?

Blykens die leier van die H.N.P. se toesprake op sy partykongresse en verlede week weer op Piketberg is hy angstig om 'n waarborg te kry dat O.B.-lede wat by die A.P. aansluit vir H.N.P.-kandidate by die komende verkiesing sal stem.

Dit is nie heeltemal duidelik waarom dr. Malan sodanige waarborg op hierdie stadium en in die openbaar eis nie.

**Dr. Malan het 'n ooreenkoms met min. Havenga aangegaan. Inbegrepe in daardie ooreenkoms is die onderneming dat A.P.-lede H.N.P.-kandidate sal steun in kiesafdelings waar hulle die gesamentlike opposisie verteenwoordig; op hulle beurt sal H.N.P.-lede A.P.-kandidate ondersteun in kiesafdelings waar hulle die gesamentlike opposisie verteenwoordig. Dit is tog immers vanselfsprekend dat die uitvoering van hierdie ooreenkoms, sover dit A.P.-lede en hul verpligtinge betref, by die leier van die A.P. tuishoort, net soos die uitvoering van die ooreenkoms sover dit H.N.P.-lede en hul verpligtinge betref weer by die leier van die H.N.P. tuishoort.**

**Dit sal 'n teken van vertroue wees in sy bondgenoot as dr. Malan die saak in die hande van mnr. Havenga laat — waar dit tuishoort.**

**DIE MATE VAN STEUN**

**Dr. Malan verklaar egter dat hy ontsteld is omdat dr. J. F. J. van Rensburg, die leier van die Ossewabrandwag, verklaar het:**

„Waar die Afrikanerparty kandidate stel, sal die Ossewabrandwag sy volle steun toesê. Waar die H.N.P. kandidate stel, sal dit grotendeels afhang van die kandidaat in hoe 'n mate die Ossewabrandwag sy steun sal verleen".

**Waarom is dr. Malan ontsteld oor wat dr. Van Rensburg gesê het? Hy verklaar immers uitdruklik dat hy geen ooreenkoms met dr. Van Rensburg of die Ossewabrandwag het, of wil hê nie.**

En tog het dr. Van Rensburg die O.B. se steun aangebied: Dr. Malan moet net sorg vir 'n kandidaat wat hierdie steun waardig is.

**En dit kan dr. Malan maklik doen, want in die laaste instansie moet elke H.N.P.-kandidaat deur hom goedgekeur word. As niks aan sy kandidaat skort nie, waarom is dr. Malan dan ontsteld?**

# MALAN DREIG OM A.P.-LEDE TE KEUR

**Dr. D. F. Malan, leier van die H.N.P. het verlede Dinsdagaand op Piketberg (die hoofdorp van sy kiesafdeling) sy eenmansveldtog teen die Ossewabrandwag voortgesit. Sy toespraak was grotendeels 'n herhaling van wat hy reeds op De Aar gesê het. Hy het by herhaling die vraag gestel of O.B.-lede, wat by die A.P. aansluit, vir H.N.P.-kandidate gaan stem. Die enigste nuwigheid in die Piketberg-toespraak was dr. Malan se dreigement dat hy miskien in die toekoms A.P.-lede gaan keur — op De Aar het die H.N.P.-kongres besluit om A.P.-kandidate te keur.**

Die Kaaplandse H.N.P.-kongres het op De Aar 'n besluit aangeneem dat die H.N.P. nie A.P.-kandidate, wat ook nog lede van die O.B. is, by die komende verkiesing sal ondersteun nie.

**Op Piketberg het dr. Malan 'n waarborg geëis dat O.B.-lede wat by die A.P. aansluit die H.N.P. se kandidate by die stembus sal ondersteun. Tensy hy 'n genoegsame waarborg kry, het dr. Malan gedreig, sal hy die O.B.-lede nie erken as A.P.-lede nie; en sal hy hulle sterkte nie byreken wanneer die setels tussen die A.P. en die H.N.P. verdeel word op 'n basis van getalsterkte nie.**

Meer interessant as dr. Malan se eis en dreigement is sy „terloopse" bekendmaking dat die verdeling van setels tussen die A.P. en die H.N.P. op die basis van die getalsterkte van die partye sal geskied.

**Dit is die eerste keer dat hierdie basis bekendgemaak word. Dr. Malan het geen besonderhede verstrek nie.**

Die Kommuniste in Engeland is besig om geld in te samel vir die Suid-Afrikaanse Kommuniste wat aangekla is van sedisie. Hulle is besig om pamflette te versprei waarin hulle bydraes vra vir ondersteuning.

# Slegs 35 Uit Elke 100

Ondersoek in Transvaal bring aan die lig dat uit elke honderd kinders wat std. V slaag, 29 std. VI behaal, 32 slaag std. VII en slegs 35 uit elke 100 bly lank genoeg op skool om std. VIII of 'n hoër eksamen af te lê. Die syfers is afkomstig van die Transvaalse Onderwysdepartement.

In die ander provinsies is dit seker ook nie beter gesteld nie.

# Indië Weier Steenkool

Pakistan het geweier om die steenkool uit Suid-Afrika wat aangebied is om die land se nood te verlig, aan te neem. Onlangs is daar deur gewone handelskringe navrae ingestel at daarop uitgeloop het dat die Unie bereid was om 40,000 ton steenkool na Pakistan te stuur.

# Engeland Wil Nie S.A. Skoene Koop

In weerwil van die aansienlike mate van hulp wat die Unie-regering teen die sin van die volk Engeland aanbied, weier Engeland nog steeds om toe te laat dat Suid-Afrikaanse skoene Brittanje binne kom.

Namens die Suid-Afrikaanse Skoennywerheid is daar herhaaldelik vertoë oor die saak tot die regering gerig om die Britse regering te beweeg om die verbod op die invoer van skoene op te hef. Verlede jaar het die Unie toegelaat dat skoene ter waarde van £60,000 uit Brittanje ingevoer word.

# Engeland Vestig Hoop Nou Op Atoomenergie

**Brittanje vestig tans sy hoop op atoomkrag om die steenkooltekort wat die nywerhede strem, te bowe te kom. By Harwel en Dicot wend Britse deskundiges in aller yl pogings aan om sukses te behaal. Dit blyk ook maar ydele hoop te wees omdat twee-derdes van die £76 miljoen wat vir navorsing bestem is, nou bestee word om die leër te onderhou sodat daar maar 'n nietige bedraggie vir navorsing oorbly.**

Die eerste eksperimentele operasies word by Harwell uitgevoer waar instrumente ter waarde van £30,000,000 opgerig is. Die Britse wetenskaplikes is egter ontevrede omdat die regering belet dat buitelandse atoomwetenskaplikes toegelaat word om hierdie inrigtings te besoek. Die hoof van die navorsing, prof. J. Cockroft, het al selfs gedreig om te bedank omdat die regering dit verbied. Hy is van mening dat hy nie sukses kan behaal sonder dat die kennis van ander lande ingeruil word nie.

In die Britse laerhuis is die vraag al verskeie kere geopper tot watter mate atoomkrag in staat sal wees om die Britse nood te verlig. Indien dit suksesvol in die toekoms blyk om steenkool waaraan daar 'n groot tekort is, met atoomkrag te vervang, sal Brittanje baie daarby baat. Dit is nie bekend hoe ver daar reeds met hierdie navorsing gevorder is nie.

# Brittanje Verkoop Nog Goud

**In Amerika is aangekondig dat Brittanje nogmaals sy goudreserwe moes aanspreek om vir sy invoer te betaal. Hierdie keer het hy goud ter waarde van £30 miljoen aan Amerika verkoop om 120,000,000 dollars in die hande te kry**

**Na aanleiding van hierdie verkope het sir Stafford Cripps, minister van handel verklaar: Brittanje moet of honger ly of bedel nadat hy sy beperkte reserwes opgebruik het. Brittanje het sy vermoë om te leen, reeds uitgeput, het hy mismoedig verklaar.**

SKILVRY
is sonder weerga 'n
MIDDEL
teen jeukende kopvel, droë kopvel en
SKILFERS
U Apteker of Handelaar sal u voorsien. (3

# Verjaardagviering

**KOMDT.-GENERAAL EN ADJUNK KOMDT.-GENL.**

SATERDAG, 22 NOVEMBER, 1947 om 8 n.m.

STADSAAL, PAARL.

*ONTHOU HIERDIE DATUM!*

# „Kruger Beliggaam Ideale Van Volk"

**„Ons durf nie Heldedag vier anders as onder die Republikeinse vlag nie. Ons bring hulde aan die helde van die verlede sodat die gloed wat hulle ontbrand het, die vuur in ons siele kan aansteek, wat die kettings wat ons aan Brittanje bind sal smelt," het ds. J. D. Vorster verlede Saterdagaand in die Hofmeyrsaal, Kaapstad verklaar by geleentheid van Krugerdagviering deur die Skiereilandse Ossewabrandwag.**

Spr. het die sluwe metodes om die betekenis van Heldedag af te water, gelaak. Die term word vandag verwyd tot musiekhelde en sporthelde. Daardeur word die werklike helde, die edel metaal uit 'n heldegeslag, begrawe. Selfs die papbroek kan nou Heldedag vier.

### VRYHEID

Die Afrikanervolk bring hulde aan daardie helde wat die juk van die vreemde wou afgooi en dit hul lewenstaak gemaak het. **„Ons kan nie van ons helde praat sonder om smagtend van die vryheid te praat nie. Ons durf die liefde en trou van hierdie helde teenoor die volk nie vergeet nie. Ons kan nie Heldag vier sonder om te protesteer teen die Britse konneksie nie"**, het ds. Vorster onder luide toejuiging verklaar. **„Dit is niks anders as louter spot om Heldedag te wil vier en die vryheidstrewe van die helde op die agtergrond te skuif nie. Ons kan nie anders Heldedag vier as onder die Republikeinse vlag nie."**

Ons glo dat hierdie Helde van ons nie tevergeefs gestry het nie. Hulle het gestry sodat ons die oes kan insamel. Ons helde het almal teen Engeland gestaan en van geslag tot geslag sal daar sulke helde uit die midde van ons volk na vore tree.

Spr. het aangehaal uit 'n preek wat 'n Britse predikant in 1902 in Liverpool gehou het na aanleiding van die konsentrasiekampe in Suid-Afrika. Hierin het hy voorspel dat die Afrikanervolk vry sal word, en hy het die optrede van Brittanje gelaak om oorloë te wen deur middel van kryg teen die vrouens en kinders van die vyand. Hy het aangetoon dat die verlies van Suid-Afrika vir Brittanje 'n ramp sal wees. „Dit is duidelik dat selfs Britte besef dat ons vry gaan word", het ds. Vorster gesê.

### PAUL KRUGER

Helde lewe nadat hulle gesterwe het. Onder hulle staan Paul Kruger as die held van alle helde.

**„Pres. Kruger is die beliggaming van die lewensbeskouing van die Afrikanervolk. Hy was die kristalisering van die volk se ideale. Hy kon dit wees want hy het sy krag geput uit sy Calvinistiese lewensbeskouing.**

Bismark het Paul Kruger geroem as die grootste diplomaat van die 19e eeu. Dit spreek van die grootheid van Paul Kruger.

Spr. het verklaar dat Kruger die koers vasgelê het vir ons rasseverhoudings in Suid-Afrika. Hy het neergelê dat die barbaarsheid in hierdie land onder die Christelike voogdyskap van die blankes getem sal word. Ook teenoor die ander vreemdelinge het hy sy beleid baie duidelik neergelê. Aan diegene wat hier geld wou kom maak, maar hulle nie wil inburger nie, het hy gesê dat hulle welkom is, maar dan moet hulle tevrede wees om soos vreemdelinge behandel te word.

### PARTYSKAPPE

Ons bou voort op die opvatting van Paul Kruger dat die Afrikanervolk 'n hegte organiese eenheid is. Hy het sy standpunt baie duidelik gestel teenoor die Liberalisme. Die Afrikanervolk word bepaal deur sy bloed en bodem. Die vreemdeling in die land moet hom onderwerp aan die leiding van die Afrikanervolk, het spr. verklaar.

**Paul Kruger het die gesagsbeginsel baie duidelik geformuleer. Dit spreek uit sy toesprake. Hy het hom in die eerste plek aan God verantwoordelik gehou. Daar mag niks indruis wat skadelik is vir die volk se eenheid nie. Daarom het Paul Kruger partyskappe deur wetgewing laat verbied.** Paul Kruger het dikwels verwys na die „vuil eleksie van 1893 waarvoor elke Afrikaner skaam is." Partyskappe het toe vir die eerste keer die lig in Transvaal gesien. In 1896 het Kruger die konstitusie laat verander en die uitvoerende magte sterk gesentraliseer waardeur die gesagsbeginsel duidelik neergelê is, het spr. besluit.

Na die toespraak van ds. Vorster het die Remskoen-Toneelvereniging die drama „Magdalena Retief" met sukses opgevoer.

# „Magdalena Retief"

**Die opvoering van Uys Krige se drama, „Magdalena Retief" deur die Remskoen-toneelvereniging verlede Saterdagaand in die Hofmeyrsaal by geleentheid van Heldedagviering, het groot byval gevind. Die suksesvolle poging behoort as spoorslag vir die geselskap te dien om ander dramas aan te pak.**

Dit is 'n besondere moeilike drama om op die planke te bring, en dit het geblyk dat die geselskap nie heeltemal geslaag het om die moeilikhede wat die voorstelling inhou, te oorkom nie. Tog het hulle daarin geslaag om reg aan die deel van ons geskiedenis te laat geskied, en die gehoor se aandag tot die einde in beslag te neem. As 'n geheel gereken was die opvoering egter 'n sukses.

Die decor deur mej. A. Smith verdien veral vermelding.

C.

# Loxton Se Mooi Bedrag

Die kommando's van Loxton het die mooi som van £79 deur middel van kollektelyste, ens. ingesamel vir 8 Augustus. Die Ossewabrandwag beur vooruit.—(Korr.).

# *Boere Moet Plase Nie Verkoop*

'n Beroep op die Afrikaanse boerebevolking om hulle plase nie nou te verkoop nie omdat 'n moontlike devaluasie van sterling die waarde van ons geld sal laat daal, is deur die Ekonomiese Instituut van die R.D.B. uitspreek. Die waarde van vaste eiendom sal moontlik daal.

Indien die boere uit hul plase raak beteken dit 'n noodwendige verswakking van die Afrikaner se posisie op die platteland waar hy tradisioneel gewortel is.

# KERK WIL OWERSPEL MISDAAD LAAT VERKLAAR

**Indien die voorstelle van die verteenwoordigende kerklike afvaardiging wat versoek dat die egskeidingswette van die Unie strenger gemaak moet word, aanvaar word, sal twissieke gehudes dit moeiliker vind om van mekaar losgeknoop te raak.**

Afgevaardigdes van die Gefedereerde N.G.-Kerke, Hervormde Kerk en Gereformeerde Kerk het veldm. J. C. Smuts in Pretoria gespreek en hulle voorstelle by hom aanhangig gemaak.

Die voorstelle hou onder meer in dat owerspel as misdaad gestraf moet word en dat persone wat weens owerspel geskei is, nie toegelaat moet word om met mekaar te trou nie.

**Voorts word versoek dat geen aansoek tot egskeiding binne drie jaar na die huwelik ingedien mag word nie.**

Dit is ook voorgestel dat daar 'n aparte egskeidingshof in die lewe geroep word wat dergelike sake afsonderlik sal behartig. In elke groot sentrum moet daar 'n versoeningsraad wees bestaande uit getroude persone met 'n opbesproke karakter insluitende 'n regsgeleerde, psigiater, 'n medikus, ens. Die raad sal pare wat wil skei, probeer versoen.

**Die afvaardiging het aangetoon dat 14 persent, of 1 uit elke 7, van alle huwelike ontbind word en dat daar in 1945 meer as 4,000 egskeidings was teenoor slegs 263 in 1915.**

Die Eerste Minister het belowe om aandag aan die saak te skenk.

# MAAK £20 VAN 7s. 6d.

**Die weergalose prestasies van die vroue van die Ossewabrandwag spreek uit die onderstaande verhaal:**

**Komdte. A. M. Jeppe, wie sè kommando tydens 8 Augustus die grootste individuele bedrag in die Skiereiland ingesamel het, het aan die begin van die jaar ses onse wol (ongeveer 7s. 6d. in waarde) aan mev. J. Kempen, lid van die Kommandoraad van die Papendorp-kommando, oorhandig om daarmee te woeker. Net voor die 8 Augustus-storting het hierdie ywerige Brandwag £20 aan komdte. Jeppe oorhandig wat sy alles deur middel van die paar onse wol verdien het!**


Hulle is hier— Hulle is daar Hulle is ORAL!




20 vir 11d. ook te koop teen 50 vir 2/2d. 10 vir 5½d.

Daar is 'n groot vraag na Ronde Kommando in die stad rond

Hulle is koel, rook lekker met 'n eie geur wat hulle elke dag meer vriende besorg.

Kommando RONDE - SIGARETTE

BH 2885



*Verseker u Toekoms*
deur die Eienaar te word van
VASTE EIENDOM
- BOUPERSELE
- WOONHUISE
- PLASE
- BESIGHEDE VIR DIE KIESKEURIGE PERSOON

Raadpleeg —
J. (Kotie) THERON
CROXLEY-GEBOU, KUSWEG,
Posbus 78 Foon 0028
STRAND




MEUBELS
PRYSE STYG VINNIG
KOOP NOU
Ons hou alleenlik goeie kwaliteit Meubels in voorraad
WERDA
Meubelhandelaars
(EIENDOMS) BEPERK
Groote Kerkgebou — Kaapstad



BRUIN SWITSERSE BEESTE
TEN VOLLE GEREGISTREERD.
Die WINTERBERG-STOET van Geregistreerde Bruin Switsers bied jong Bulle, 'n paar Verse en ou Koeie — almal geregistreer — te koop aan. Alle beeste is teen Galsiekte ingeënt.
Pryse op aanvraag. — Besigtiging verwelkom. Doen aansoek:
G. J. VAN DE VYVER, Drieshof, P/s. Adelaide.





KOOP DEUR DIE POS VAN EXCELSIOR

Hierdie Welbekende POMPSTOFIE — DIE OPTIMUS is nou weer verkrygbaar

PRYS slegs 32/10

Ons bied u 'n volledige reeks van gereedskap. Vra om ons jongste pryslyste. Die volgende is slegs 'n paar van ons Winskopies.

| | |
|---|---|
| DRAADTREKKER | 33/4 |
| SKAAPSKÊRE | 8/- |
| STORMLANTERNE | 11/4 |
| OPTIMUS BLAASLAMPE | 37/4 |
| FLITSLIGTE, 2-sel | 7/4 |
| FLITSLIGTE, 3-sel | 13/4 |
| GRASPERK-SKÊR | 10/- |
| MOTORDOMKRAG (Hidrolies) ... 2-ton 31/4, 3-ton | 55/- |
| ELEKTRIESE SOLDEERBOUT | 26/8 |

EXCELSIOR POSBESTELLINGSDIENS
(Excelsior Meubels Beperk)
Pleinstraat 40 — — — Johannesburg

# GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**
(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 3/- per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Handelsadvertensies:**
Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Intekengeld op „Die O.B."** (verskyn weekliks): 10/- per jaar of 5/- per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld en bestellings na **Posbus 28, Stellenbosch,** en intekengeld na **Posbus 1411, Kaapstad.**

## VERLOWING

HAVINGA — ENGELBRECHT. — Hiermee maak ons tweetjies, Takkie Engelbrecht, van Brits Laerskool, en Cornelius Havinga, van Brits Junior-Hoërskool, bekend dat ons verloof is. 15/10/1B

## VRYSTAATSE GOUDVELD EIENDOMME

Vir Eiendomme Henneman, Odendaalsrust omgewing, raadpleeg WELKOM EIENDOMS- EN TRUST AGENTSKAP, Henneman (Eienaars Alberts en Greeff). Foon 43, Telegramme ,Weta.' 16/4/TK

## BOME, PLANTE EN SAAD

**AARTAPPELS.** — Pragtige, gesonde en vars graad I, teen 18/- per 150 lbs. Eier-grootte saadaartappels, tweede na ingevoerde, 17/6 per 150 lb, en okkerneutgrootte 14/6. Almal V.O.S. Bethlehem, in nuwe sakke wat teruggestuur moet word. Ek waarborg tevredenheid. —S. W. RABIE, Kommandant, Bus 328, BETHLEHEM. 8/10/TK

**BESTE GESERTIFISEERDE GROENTESAAD.**—Pryslys verkrygbaar. Bestel al u benodigdhede K.B.A. van: PREMIERS, SCHOEMANSHOEK. 20/8/TK

**GROEN[illegible]AAD.** — Detroit en Egiptiese plat beet 7/6; Chanteney-wortels 10/-; Beauty- en Marglobe-tamaties 35/-; Tom Watson-waatlemoen 10/-; Kropslaai 17/6 per lb. Almal 6d. duurder per ½lb. Handelsnavrae verwelkom. — KARROO-SAADVERSPREIDERS, Posbus 107, OUDTSHOORN. 20/8/TK

**HERHOLDT** se Krisante, glorie van die Najaartuin. Kleurvolle sorterings meesterlik saamgestel. Bestel nou vir Oktober-planttyd. Donou-Versameling: reuse pragsoorte, 25/- per dosyn, 15/- vir 6. Opera-Versameling: 21/- per dosyn, 12/6 vir 6. Luukse Sortering: 18/6 per dosyn. Tuinversameling: 15/6 per dosyn. Gepak en posvry. — HERHOLDT'S, Posbus 660, JOHANNESBURG. B/23/7/1X14

**PATATRANKE.** — Op hul beste, bestel dadelik. Driemaande wit 10/- per 80 pd.; 7/6 per 60 pd. sak. Ses- of driemaande wit en borrie steggies 6/6 per 1,000. Gelewer Serpentine. K.M.B. — P. J. GERBER, Hoekwil, GEORGE. 15/10/TK

**PATATRANKE.**—In volle groei, reg vir plant. Wit driemaande 8/- per 70 lb., Borrie 10/- per 70 lb. Sesmaande, wit- en Borriesteggies 6/- per 1,000. Patats teen 12/- per sak. K.M.B. — H. ROELOFSE, P/s Serpentine, Dist. GEORGE. 1/10/TK

**PATATRANKE.** — Uitstekende rooigrond-patatranke. Sesmaande 7/- vir 80 lb., driemaande wit 7/- vir 60 lb., Borrie-, wit- en sesmaande-steggies (met hand gesny) 6/- per 1,000. K.M.B. Meld stasie. — B. H. GERBER, D/sn., Klaashoek, P.K. Hoekwil, GEORGE. 24/9/5

**PATATRANKE:** Sesmaande, 6/6 per 80 lb.; driemaande wit, 8/6 per 60 lb.; steggies, 6/- per 1,000. K.M.B.— A. F. DE VILLIERS, Brandwacht, MOSSELBAAI. 10/9/6B

## GEMENG

**SKOENREPARASIES.** Ondersteun u mede-Afrikaner en wees verseker van die beste dienste by VOORTREKKER SKOENHOSPITAAL, Langstraat 291, KAAPSTAD. Foon 30164. 4879/26

**VAN'S CONCRETE PRODUCTS.** — Terazzo Kombuis- en Handwasbakke, Baddens, Septiese Tenks, Pilare, Vloerteëls, Voertrôe. Enigiets in beton. — Direkteure: P. W. en P. G. VAN HEERDEN, Potgieterstraat 258, PRETORIA.

## HORLOSIEMAKER

**DESKUNDIGE HERSTELWERK** aan Horlosies. Alle werk word gewaarborg en spoedige aflewering. — P. PRETORIUS, Keeromstraat 18, Kaapstad. (Voorheen Kerkstraat 69). Foon 2-5454

## MEUBELS

**MEUBELS.** — Koop u meubels van UNIKA MEUBELS (EIENS.) BPK., en wees verseker van u waarde en besparing. Geen katalogusse tot beskikking nie. Skryf om besonderhede en meld wat u verlang. — Hoofkantoor: Victoriaweg 171, Woodstock. Takbesigheid: Jan Philips-gebou, Lady Greystraat, Paarl. Foon 929.

## RADIO

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon [illegible]

## SOUT TE KOOP

**BOERE-PAKKET.** — Nege sakke wit vee- en 100 lb. fyn bottersout £2-10-0. Nege sakke sneeuwit en 100 lb. fyn bottersout £2-13-6. Vry gelaai soutwerke. Bestel: KOMDTE. MEV. MARTIE VENTER, P/s. No. 4, Arbeidsloon, BLOEMFONTEIN. 21/5/TK

## TE KOOP AANGEBIED

**DIESELINE ENJIN.** — Dieseline 10-perdekrag Rustin Hornby-enjin in goeie werkende orde. Kan enige tyd besigtig word. Prys £100. Doen aansoek by G. J. LE ROUX, Constantia, RIEBEEK-KASTEEL. Telefoon 902. 15/10/1

**JUKSKEIE.** — Bottelvormige skeie, 3/9; kopskeie 4/6; agtkantige skeie 5/- en Natalskeie 5/6 per paar. — KOOS BOTHA, P/s Serpentine, Dist. GEORGE. 17/9/TK

## VAKANTE BETREKKINGS

Aansoeke om die volgende betrekkings word ingewag:

HOOFDAME: Aansoeke word ingewag van bevoegde persone om aanstelling as Hoofdame in ons Damesafdeling. Applikante moet deeglik kennis dra en ondervinding hê van hierdie Departement met al sy vertakkings, op hoogte wees van prysbeheer, bekwame inkoper wees en goeie voorkoms en persoonlikheid besit. 'n Persoonlike onderhoud word vereis.

ASSISTENT IN DAMESAFDELING: Benodig iemand met ondervinding in die bediening van die kieskeurige klient, goeie voorkoms en vriendelik van geaardheid. Persoonlike onderhoud word vereis.

SNELSKRIF TIKSTER: Applikante moet ten volle gekwalifiseerd wees en deeglike vorige ondervinding gehad het. Tweetaligheid 'n vereiste.

Salarisse verbonde aan bogenoemde betrekkings sal onderling gereël word en sal afhang van bekwaamheid, ondervinding en kwalifikasies. Aansoeke met vermelding van volledige besonderhede betreffende ondervinding, ouderdom, vroegste datum waarop dienste aanvaar kan word, ens., tesame met onlangse getuigskrifte, moet ondergenoemde bereik nie later nie dan 20 Oktober 1947.

DIE BESTUURDER,
DIE ROBERTSON
HANDELSVERENIGING BPK.,
Posbus 7, ROBERTSON.

A.V.B.O.B.

Lykbesorgers, Grafsteenmakers, Begrafnisversekeraars

Bloemfontein — Pretoria
130 Takke

PLUIMVEE

Die Beste Firma om u PLUIMVEE EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:

C. M. ELOFF EN KIE
(Edms.) Bpk
MôREMARK (Posbus 7185) Newton


# BANNELING VIR VRYHEID

## Oorlogsherinneringe van 'n Oudstryder

(Deur M. Coetzee)

Twee-en-veertig jaar is 'n lang ent lewenspad. Skouers wat by die begin van hierdie pad nog fier en reg-op was, is nou krom; gesigte is verouderd en hare is grys. — So het die twee broers, om Christiaan en oom Stephanus Nel, mekaar dan ook onlangs, na twee-en-veertig lang jare van skeiding, as grysaards aangetref.

Oom Christiaan, tans woonagtig te Christiana, is nou drie-en-sewentig jaar, en aan hom, soos aan al die veterane wat nog oorgebly het uit die jare toe ons volk sy drie-jarige wapenstryd om vryheid gestry het, wil Jong Suid-Afrika hulde bring.

Laat ons nader skuif om die kampvuur, en ons wil staal onder oom Christiaan se vertelling — staal tot daadkrag en vasberadendheid dat „die stryd wat ons vaders begin het, sal woed tot ons sterf of oorwin het . . . . ."

„Toe die Republieke oorlog verklaar, was ons Kolonialers—maar ,jul volk is ons volk, en jul stryd is ons stryd', was die slagkreet van die Kaapse Rebelle — en saam met komdt. Scheepers het ek en broer Stefanus storm geja.

Slegs ses maande van kommandolewe was vir my agter die rug, toe ek swaar gewond word in 'n geveg op die plaas Groot Rietvlei. Saam met ander gewondes word ek na die hospitaal in Somerset-Oos geneem om verpleeg te word.


Die hospitaal was oorvol gewondes — Meesal Engelse. Elke gewone Boer wat inkom moes ondervra word. Speuroë was ,op jag na Rebelle. In die oog van Haar Majesteit het ons mos hoogverraad gepleeg". (Goddank nie laagverraad nie, oom Christiaan).

„Al gou het hulle uitgevind dat ek een was; en terwyl ek met die dood lê en worstel, word 'n ambulans gestuur om my, swaar gewond soos ek was, na die gevangenis te neem. Maar die Wil van God was dat ek nie sou sterwe nie. En daar in die koue tronkselle waar my koorsige en gewonde liggaam op die harde sement moes lê, het ,onsigbare Hande' my genees, sodat ek spoedig herstel sou wees, hoewel ek vermink sou bly.

En toe, een môre, word ons uit die tronk gelei na 'n galg wat staan en wag . . . . . en daar voor ons oë word Claassen, een van ons wapenbroers, gehang terwyl 'n Kakie ons toesnou: ,Look on, you undesirables!'

Ses maande het verby gegaan, toe daar weer een môre bevel kom dat ons moet uittree. Agt se name word uitgelees en aangesê om na die hek te gaan. Daar voor die hek het 'n kar met twee gewonde Tommies gewag. Ons word beveel om in te klim, en vergesel van nog vier gewapende wagte, vertrek ons na die markplein, waar 'n skare ons inwag — vrouens en kinders en grysaards, wat aangesê is om die uitspraak van ons vonnisse te kom bywoon.

Stadig beweeg ons tussen die menigte deur tot waar 'n trollie-wa in die middel staan, met die hoofoffisier en die predikant van die dorp daarop.



OOM CHRISTIAAN NEL

Ons word beveel om af te klim, en onder ademlose stilte kondig die hoofoffisier aan: ,Julle het wapen opgeneem teen Haar Majesteit, en van haar troepe doodgeskiet; . . . . . . Julle vonnisse is as volg':

Een-vir-een word die ander se vonnisse gelees. Almal gevangenisstraf en toe:

,Christiaan Johannes Nel, jy word tot die dood veroordeel...' Enkele minute was daar stilte, tasbare stilte. In my gemoed was daar die een troos: Dit sal vir Vryheid en Reg wees—God weet!

Toe oorhandig die offisier 'n papier aan die dominee. Almal wag gespanne. Dan kom die dominee se stem soos van vér af:

,Jou lewe word gespaar deur die genade van lord Kitchener, en jou vonnis word versag tot lewenslange verbanning uit jou land . . . .'

. . . . .

Van Somerset-Oos na Bloemfontein se gevangenis. As ek aan daardie haglike toestande terug dink, dan wonder ek of Belsen werklik vir die Engelse vyf-en-veertig jaar later, as so 'n gruwel-kamp kon voorkom.

**Ons was tien gevangenes in een sel. 'n Enkele emmer, wat selde of nooit verwyder word, was ons enigste sanitêre gerief. Slegs vir één uit die vier-en-twintig uur word ons toegelaat om daardie stinkende hok te verlaat, en ons daaglikse rantsoen te gaan ontvang, wat bestaan het uit 'n klein stukkie stywerige maer beesvleis, en 'n enkele hobbrood om onder ons te verdeel.**

Hier het ons 'n maand gebly, en toe is ons na Durban gestuur waarvandaan ons per skip na Kaapstad gestuur is. In die Kaap moes ons oorstap op die skip wat ons na Bermuda sou neem.

Dowwer, en al dowwer het Tafelberg geword, totdat dit in die verte verdwyn het. Hier en daar het 'n geharde krygsman gesnik. Ander het probeer om lighartig te skerts, totdat een ,Kent Gij dat Volk . . . . . .' aanhef en ons uit volle bors saamsing, hoewel met gebroke stemme en verslae harte.

Toestande aan boord was uiters haglik: Die kos was oneetbaar, en die skip was besmet met luise.

Dit was dan ook werklik 'n verligting toe ons na 'n seereis wat 'n maand en ses dae geduur het, in Bermuda aan wal stap, al het ons harte gebrand met verlange na ons vaderland.

Die krygsgevangene en die rebelle is in aparte kampe geplaas. Die rebelle moes bewaak word soos ontembare barbare. Die 48 doringdrade om ons was nie voldoende nie — vier gewapende wagte moes ook dag en nag op-en-af patrolleer om toe te sien dat niemand ontsnap nie.

En tog — Boer se kind laat hom nie vaskeer nie. Daagliks het van ons manne deur daardie versperrings gesluip, om ongemerk tabak en eetware van die krygsgevangenes se kamp oor te smokkel.

Langsaam het die maande van my ballingskap verby gesleep — ek, 'n lewenslange balling — en tog het die hoop in my hart bly voortleef dat ek weer na my vaderland sou terugkeer.

'n Jaar en drie maande was verby. Toe word Eduard II gekroon tot koning van Engeland, en ons kry versagting van vonnis: myne is verkort tot vyf jaar.

Eindelik die blye tyding: Ons word teruggestuur na Suid-Afrika!

Langsaam, uiters langsaam het die strook blou water tussen ons en ons vaderland kleiner geword, totdat Tafelberg eindelik weer op die gesigseinder verskyn.

Die gewaarwording in die hart van elke banneling as die kus van sy vaderland langsamerhand nader kom, kan moeilik in woorde uitgedruk word.

Van Kaapstad is ek na Tokai se kamp gestuur.

Op 'n môre word my naam weer saam met nege ander afgelees om voor die hoof-offisier te verskyn.

,Julle is vry en mag na julle huise teruggaan . . . .' Hier het 'n verslete hoed in die lug ingetrek met 'n hiep-hiep-hoera! wat agterna klink, terwyl elders weer 'n hoof vooroor gesak het, en 'n siel gehuiwer het by die vraag: **Sal daar nog 'n huis wees om na terug te gaan? Sal daar nie slegs gapende murasies en naamlose grafte wag soos vir sovele van ons strydmakkers nie?"**


# Gedroogde Vrugte Aan U Vriende Oorsee

Na Engeland 14/4. Na Holland en Duitsland 16/10.

1 pd. Neute en Rosyne. 1 pd. Gesuikerde Vrugte. 1 pd. Perskes.
1 pd. Tros Rosyne. 1 pd. Pruimedante.

Onmiddellik op ontvangs van u Poswissel en volledige adres vir aflewering, sal 'n pakkie bevattende bogenoemde afgestuur word.

Verseker aflewering betyds vir Kersfees deur nou u Bestelling te plaas met

**Die Robertson Handelsvereniging, Bpk.**

POSBUS 7 ROBERTSON

*Besturende Direkteur:* Mnr. R. L. Barry.


# Bewaar Ons Bodem

'n Waarskuwing dat Suid-Afrika nie in staat sal wees om sy huidige bevolking aan die lewe te hou of 'n groter bevolking sal kan dra as hy nie toesien dat die bodem bewaar bly nie, is deur dr. A. H. Budler op 'n vergadering wat deur die S.A. Mediese Kongres en die Nasionale Veldtrust gereël is, op Oos Londen uitgespreek.

Grondbewaring moet die grootste voorkeur in die land geniet, het spr. gesê. As stadsbewoners maar net kon sien hoeveel hulle deur grondverspoeling verloor, sal hulle skrik. Tensy ons grond bewaar word, kan die Unie nie verder ontwikkel nie.

# Kommuniste In S.-Amerika

Die Joego-Slawiese regering is besig met uitgebreide Kommunistiese spioenasie- en sabotasie-organisasie in Suid-Amerika volgens 'n amptelike verklaring wat die Chileense regering uitgereik het. Daar word beweer dat die spioenasie onder die leiding van Joego-Slawiese diplomatieke verteenwoordigers in Argentinië staan.

Die Kommuniste het ten doel om sabotasie te pleeg en 'n front teen die V.S.A. in Suid-Amerika te stig.

# 'n NUWE TWIS KAN OPPOSISIE 14 SETELS IN KAAPLAND KOS

**Die leier van die Herenigde Nasionale Party of Volksparty, dr. D. F. Malan, het die hele nasionaalvoelende deel van ons volk in beroering gebring omdat hy in die afgelope paar weke uit sy pad gegaan het om punte van verskil tussen die H.N.P. en die O.B. op te diep—instede van punte van ooreenkoms na vore te bring. En dit het hy gedoen toe die hoop op samewerking tussen alle nasionaalvoelende Afrikaners baie hoog opgevlam het.**

**Die Sap-pers in ons land kan kwalik sy ingenomendheid met dr. Malan se jongste optrede verberg. Deur middel van oulike berigte en artikels probeer hierdie pers om die dreigende twis in nasionale geledere versigtig aan te stook.**

In die harte van baie nasionaalvoelende Afrikaners het die neerslagtigheid kom inwoon. Die billike vrees bestaan dat die lofwaardige poging van mnr. N. C. Havenga en die Afrikanerparty om 'n brug te slaan tussen die Ossewabrandwag en die H.N.P. gaan misluk.

**Die volgende vrae is op almal se lippe: Wat besiel dr. Malan en sy onderleiers? Wil die H.N.P. die komende verkiesing wen? Indien ja, waarom baklei hulle dan met hul vriende? Of hoop die H.N.P. om die komende verkiesing sonder die hulp van die O.B. te kan wen?**

### SETELPOSISIE IN KAAPLAND

'n Ontleding van die posisie in Kaapland se kiesafdeling onderstreep die dringende noodsaaklikheid van samewerking indien stembus-oorwinnings behaal wil word. Die syfers wat hieronder volg is gebaseer op die uitslae van die 1943 verkiesings. Die uitslae van die tussenverkiesings wat daarna plaasgevind het is inbegrepe. Wanneer die betekenis van die ondervolgende syfers nagegaan word moet onthou word dat die oorgrote meerderheid van O.B.-lede in 1943 vir H.N.P.-kandidate gesteun het.

### DIE VERENIGDE PARTY

Kaapland het 56 setels. Daarvan hou die Verenigde Party 33. Elf van hierdie setels het die V.P. onbestrede in die skoot geval; drie het die party met meerderhede van meer as 4000 verower; vyf met meerderhede tussen 3000 en 4000; vier met meerderhede tussen 2000 en 3000 en twee met meerderhede tussen 1000 en 2000. Dit is aanneemlik om aan te neem dat die V.P. hierdie setels met 'n volgende verkiesing gaan behou. Die orige agt kiesafdelings (meerderhede tussen hakies) wat tans deur V.P.-lede gehou word verteenwoordig die kwota wat die opposisie kan verower. Hierdie setels is: Caledon (446); Malmesbury (205); Paarl (449); Prieska (147); Uitenhage (527); Victoria Wes (432); Vryburg (512); en Worcester (401).

**Die vraag is of die H.N.P. hierdie setels, sonder die hulp van die O.B.-kiesers kan verower? Die antwoord is vanselfsprekend: Nee.**

Die Arbeidersparty en die Dominiumparty hou elkeen 'n setel in Kaapland met meerderhede van respektiewelik 3351 en 4424. Dit kan aangeneem word dat die opposisie nie hierdie setels sal verower nie.

### DIE HERENIGDE PARTY

Die Herenigde Party hou 21 setels in Kaapland — waarvan die party een, nl. Piketberg onbestrede verkry het. Agt van hierdie setels het die H.N.P. met meerderhede van tussen 1000 en 2000 verower; en ses met meerderhede tussen 500 en 1000. Die orige ses setels het die party verower met die volgende meerderhede: Aliwal (435); Ceres (83); Cradock (123); Kimberley Distrik (244); Stellenbosch (344); en Swellendam (175).

**Indien aangeneem word dat die H.N.P., sonder die steun van die O.B., al die setels wat die party in 1943 met meer as 1000 stemme verower het by die volgende verkiesing kan behou ('n gevaarlike aanname soos die kiesafdeling Gordonia bv. bewys) dan kan die H.N.P. na die volgende verkiesing nege setels in Kaapland hê. In dien die verdere gewaagde aanname deurgelaat word dat die H.N.P. sonder die steun van die O.B. die setels wat die party in 1943 met meerderhede tussen 500 en 1000 verower het by 'n volgende verkiesing kan behou, dan kan die H.N.P. moontlik sy L.V.-tal in Kaapland opskuif tot vyftien. Of die H.N.P. die setels wat die party in 1943 met O.B.-steun verower het met meerderhede wat gewissel het van 83 tot 435, in 1948 sonder O.B.-steun kan behou is so twyfelagtig dat die moontlikheid daarvan buite rekening gelaat kan word.**

### 14 SETELS IN DIE WEEGSKAAL

Om op te som. Met die geesdriftige steun van alle O.B.-lede sowel as van alle ander nasionaal-voelendes kan 'n Gesamentlike Opposisie moontlik 29 setels by die volgende verkiesing in Kaapland verower. Indien die H.N.P. in stryd gaan met mede-nasionaal-voelendes en die verkiesing alleen wil aandurf kan die party hoogstens vyftien setels in Kaapland verower.

**Dit behoort selfs vir dr. Malan duidelik te wees dat die uur van saamstaan aangebreek het. Die toekoms van die blanke in Suid-Afrika is op die spel. Dit is nie nou die geleentheid om 'n onnodige ideologiese stryd met die Ossewabrandwag aan te knoop nie. Die vyand is veldm. Smuts en sy Empire-bewind en alle kragte moet gemobiliseer word om hierdie vyand te verslaan.**

# Arabiere En Jode Wil Oorlog Maak

Oorlog dreig in die Nabye Ooste as gevolg van die aankondiging van Brittanje dat hy Palestina moontlik gaan ontruim. Troepemagte van die Arabiere is reeds aan die beweeg. Hulle beskou die verklarings van Amerika dat hy ten gunste is van 'n verdeling van Palestina tussen die Jode en Arabiere as 'n uitdaging en hulle is bereid om dit te aanvaar.

Sowat 230,000 ten volle opgeleide en gewapende troepe is deur Egipte, Irak, Sirië, die Libanon en Transjordanië tot beskikking van die Arabiese Bond gestel.

Die Joodse strekte word op 80,000 manne en vroue geskat. Daar is reeds sprake om 'n internasionale Joodse leër op die bene te bring om steun aan die Jode te verleen. — (Sapa).

# Word Komintern Gerugsteun Deur Atoombom?

(Vervolg van bl. 1)

tekens is dat Rusland besig is om meer druk uit te oefen op sy bure en groter eise te stel. Rusland glo, so skryf die blad, dat die kapitalistiese wêreld op een of ander tyd gaan instort en dat hy sy kans moet waarneem.

### ATOOMBOM

**Op die oomblik is die Kremlin ook besig om voor te berei vir die 19e Kommunistiese Partykongres. Dit sal vroeg volgende jaar gehou word. Die laaste een is tydens 1939 gehou. Die blad meen dat hierdie kongres van die Kommuniste een van die belangrikste gebeurtenisse sal wees aangesien Stalin volgens gesaghebbende mening sal aankondig dat Rusland daarin geslaag het om die atoombom te vervaardig.** Dit sal gepaard gaan met 'n waarskuwing dat Rusland geen inmenging met sy buitelandse beleid sal duld nie. Dit sal die finale afronding wees van sy beleid om alle saamwerkpogings met die Weste te laat verongeluk, besluit die blad.

„Die O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery Beperk, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

# Jingo-Klub Van Immigrante Toon Geen Lewe

**Die Jingo-klub van die immigrante in Kaapstad, die sogenaamde British Settlers Community Association, voer maar 'n treurige bestaan, en na dit voorkom is daar nie veel verder gevorder as om intekenvorms af te rol nie. Daarbenewens kla sommige immigrante wat lid van die klub wou word dat hulle al meer as drie weke gelede 10s. as lidmaatskapgeld aan die plaaslike sekretaris gestuur het en tot dusver nog niks van hom gehoor het nie.**

'n Verteenwoordiger van die O.B. wat na hierdie toestand van sake ondersoek gaan instel het, het telkens voor dooiemansdeur aangekom. Die hoofkantoor van die vereniging is in Durban, maar die Kaapstadse tak het 'n kamertjie op die tweede verdieping van 'n gebou in Langstraat gehuur. Nadat mens 'n hele paar keer op die donker, styl en nou trappies wat na die kamertjie lei, verdwaal het, kom jy telkens voor 'n geslote deur te staan. Daar is wel 'n gedrukte naambordjie wat moet aandui dat dit die kantoor van die klub is, maar daar is geen teken van lewe nie.

### GEEN KWITANSIE

**'n Immigrant wat tans in Wynberg gehuisves is, verklaar dat hy drie weke gelede sy lidmaatskapgeld aangestuur het, maar nog niks van die vereniging gehoor het nie.**

Die Jingo-klub het ten doel om alle Britse immigrante onder een vaandel saam te trek en die Britse element te bestendig.

# BRITTE MOET TRAP



**Brittanje word stadig maar seker van vesting tot vesting gedryf en oral word hy verplig om sy troepe uit lande wat hy jare lank beheer het, terug te roep. Die foto toon 'n anti-Britse demonstrasie in Kairo waar die bevolking eis dat Britse troepe onmiddellik die land verlaat. Etlike persone is tydens die betoging beseer**

# Nog 'n Terugtog

Brittanje het besluit om ook sy troepe uit Japan terug te trek, volgens 'n amptelike verklaring. Die rede hiervoor is die gebrek aan mannekrag in Engeland en die tekort aan dollars. Op die oomblik is daar etlike honderde Britse troepe in Japan.

**KONINGIN WELHELMINA** wat 49 jaar sonder onderbreking aan die roer van sake in Nederland gestaan het, sal binnekort tydelik afstand doen van die troon ten gunste van haar dogter, prinses Juliana, die troonopvolgster. Die koningin het hierdie besluit geneem as gevolg van gesondheidsredes.

# Wil Eertydse Bondgenote Nou Verban

**Churchill en sy Konserwatiewe Party wat tydens die oorlog hand om die lyf met Rusland gesit het, het die afgelope week 'n besluit geneem waarin hulle versoek dat die regering teen die Kommuniste in Brittanje optree omdat hulle die „Christelike geloof in Brittanje wil vernietig en 'n Godlose staat daar wil stel".**

Die Kommuniste is daarvan beskuldig dat hulle die indirekte oorsaak is van die Britse krisis en dat hulle die Britse ellende uitbuit omdat die land nou ryp is vir Kommunisme. Daar is gekonstateer dat die Britse vakbonde wat die krag van die Britse nywerheid is, in gevaar staan om deur die Kommuniste beheer en gedomineer te word.

# WAARVOOR HET S.A. GEVEG?

**Op 4 September 1939 het genl. Smuts aan Duitsland die oorlog verklaar omdat laasgenoemde sy grondgebied van Pole wou terugvat — grondgebied wat genl. Smuts self in 1920 beskryf het as die kiem van 'n volgende oorlog omdat dit van Duitsland afgesny is. Die oorlog het Suid-Afrika £600,000,000 gekos en 10,000 lewens. Daar is geen huise en daar is geen vleis, botter, suiker en seep nie. En wat hy nog het, moet hy gratis aan Brittanje afstaan wat homself kapot gemaak het met die oorlog voer.**

**Van watter nut was die oorlog vir Suid-Afrika?**